NWU-TRANSFORMASIEHANDVES

Transformasiehandves (Bekragtig deur die Senaat, 30 Mei 2012)

Ons, die Raad, Bestuur, Personeel en Studente van die Noordwes-Universiteit

VERKLAAR en BEVESTIG

- Dat die demokratiese Suid-Afrika sekere uitdagings aan die NWU stel deurdat ons moet seker maak dat ons aan die eise van die Grondwet en aan die Handves van Regte voldoen;
- Die nodigheid vir ŉ historiese bewustheid;
- Akademiese, individuele en moreel gesonde institusionele vryheid as noodsaaklike vryhede;
- Die nodigheid vir sterk korporatiewe bestuur en doeltreffende bestuur en administrasie ten einde openbaar aanspreeklik te wees; en
- Ons verbintenis tot voortgaande en robuuste betrokkenheid.

ERKEN die uitdagings van:

- Die opvoeding van maatskaplik verantwoordelike graduandi wat bewus is van hul rol en bydrae tot die nasionale ontwikkelingspoging en maatskaplike transformasie;
- Die ontwikkeling van ŉ goed georganiseerde, lewenskragtige navorsings- en ontwikkelingstelsel wat die navorsings- en opleidingskapasiteit van hoër onderwys met die behoeftes van die bedryf en van maatskaplike rekonstruksie integreer;
- Die verhoging van toegang tot, en artikulasie binne, naskoolse onderwys en opleiding;
- Die haglike omstandighede waaronder baie studente leer en leef; en
- Die ontwikkeling van ŉ kurrikulum wat gerig is op maatskaplike relevansie en voordeel.

VISUALISEER

ŉ Transformerende en diversifiserende universiteit wat

- die vermoëns respekteer (en daaruit voordeel trek) van almal wat deel uitmaak van die NWU-gemeenskap;
- groei soos wat uitdagings in die proses die hoof gebied word;
- verwante prestasies vier;
- erkenning gee aan alle bekende transformasie-pogings;
- bemagtig en in staat stel; en
- inklusiewe praktyke, gedrag en houdings aktief koester.

VERBIND ONSSELF TOT

- Erkenning van die positiewe én die negatiewe uitwerking van ons verlede op ons hede;
- Erkenning van ons ligging in Afrika as ŉ Afrika-hoëronderwysinstelling, wat sigself verryk uit die tradisies van internasionale hoëronderwysinstansies van goeie naam;
- Vervulling van die verpligtinge van die Grondwet, nakoming van die Wet op Hoër Onderwys van 1997 (Wet 101 van 1997), die uitleef van die NWU se kernwaardes om aan Suid-Afrika se behoeftes te voldoen, en die bedryf van die NWU se kernbesigheid;
- Verskaffing van hoëgehaltevakkundigheid, onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid wat daarop gemik is om tot voordeel te strek van die maatskaplike, ekonomiese en menslike ontwikkeling van plaaslike, streeks-, nasionale, en globale behoeftes; en

- Die skep van ’n trotse toekoms deur gebruikmaking van die bevoegdhede, vaardighede en vermoëns van al ons mense en die institusionele kapitaal van die NWU om uitnemendheid in transformasie as ’n integrale deel van sy kernbesigheid te vestig.

HULDIG DIE BESKOUING DAT

Definisies van “transformasie” dikwels verskil en kontekssspesifiek is. Die NWU-konteks bevestig dat transformasie onlosmaaklik verbind is aan kwessies van geregtigheid, kultuur, prestasieaanduiders, gemeenskaplike welsyn, uitnemendheid, relevansie, ens., sowel as die breër konsep van responsief wees jeens omgewings- en politieke veranderings, en relevant wees vir die hedendaagse behoeftes van die gemeenskappe wat ons dien.

Ons het tien transformasiedoelwitte geïdentifiseer wat na ons mening die relevantste is om na te streef, te moniteer en te bereik, naamlik, *Diversiteit, Toegang, Belyning, Herstel, Gelykheid, Hulpbrontoewysing, Verhoogde Eenheid, Studente-ervaring, Sukses* en *Kwaliteit*.

Vordering wat die bereiking van voorgenoemde betref, is afhanklik van die bestaan van duidelike, meetbare en goed gekommunikeerde strategieë, planne en projekte; en ’n gefokusde, fundamentele, doelgerigte, vasberade, kollektiewe en toegewyde poging – insluitende strukture en stelsels – deur ons hele NWU-gemeenskap.

Dialoog, kommunikasie, onderhandeling en kollegialiteit is noodsaaklike voorvereistes sodat die NWU-waardes op ’n betekenisvolle en volhoubare manier kan vorm gee aan die institusionele kultuur en klimaat. Die voortgesette bestuur en monitering van die transformasie-agenda in lyn met die Universiteit se Etiekkode sal op ’n konstruktiewe en konsulterende manier plaasvind.

Ons is rentmeesters van *inter alia* Suid-Afrikaanse openbare fondse vir die onderwys, opleiding en vorming van daardie lede van die bevolking wat by die NWU studeer en werk; as sodanig moet ons verantwoordbaar, deursigtig en inklusief wees.

Ons glo dat ons institusionele beleide, prosesse en prosedures die NWU se transformasiedoelwitte moet bevoordeel as deel van sy *kernbesigheid* en ondersteun deur sy *kernwaardes.* Ons glo dat dit die inkorporering van transformasie in die prestasieooreenkomste van alle institusionele bestuurders noodsaak.

Transformasieleierskap verg van ons die moed om op te tree, besluite te neem en keuses uit te oefen in die belang van die bereiking van die NWU se transformasiedoelwitte ten einde gestalte te gee aan ons openbare aansprake.

ONS ONDERNEEM om die Noordwes-Universiteit op die wyse soos hierbo verwoord te vestig en bly selfondersoekend om te verseker dat ons verbind bly tot ons beloftes met betrekking tot transformasie.

Original details: Ingrid Tufvesson(23495332) SHARE\10935746/2Pr-2.7_transformation charter.docm
5 June 2012

File reference: 2Pr/2.7